**26 November** **Skrifgedeelte: Handelinge 6:1-7**
**Fokusgedeelte: NGB, Art 30**

## Die kerkraad sorg dat die leer versprei word

Hoe belangrik is dit dat die goeie nuus oor God se genade versprei word! Mense wat hierdie genade nie ken nie, lewe in vrees vir God. Hulle is bang vir God se straf en het glad nie sekerheid oor die lewe na die dood nie. Wanneer mense egter die goeie nuus hoor dat Jesus Christus hulle skuld by God betaal het neem dit hulle vrees vir straf weg en kry hulle sekerheid oor ’n heerlike, ewige lewe by God. Hierdie goeie nuus is so wonderlik dat baie mense in Jerusalem dit aanvaar (vers 7a). Veral vir die priesters, wat lewenslank probeer het om deur streng wette in die regte verhouding met God te kom, was die leer van redding deur genade ’n fantastiese bevryding (vers 7b).

Ook vandag, in Suid-Afrika, kan hierdie goeie nuus van ’n genadige God mense se donker lewens lig maak. Dit kan ’n geweldige verskil maak! Maar dan moet hierdie wonderlike leer VERSPREI word! Dink ’n bietjie hoeveel mense oor 2 000 jaar die leer van God se genade versprei het, sodat dit van Jerusalem af óns ore kon bereik. Moet hierdie verspreiding van goeie nuus nou by ons doodloop? Verseker nie!

Daarom moet kerkrade toesien dat die goeie leer versprei word. As ’n kerkraad nie daarin slaag om die goeie nuus te versprei nie, moet daar, soos in Jerusalem (vers 2), vergadering gehou word en planne gemaak word sodat die verkondiging van God se genade aan alle mense kan voortgaan. Almal moet saamwerk sodat die mense wat die goeie nuus versprei, se hande los is vir hierdie belangrike taak. Daarby kan jy die goeie nuus self ook mos ’n bietjie rondvertel!

*Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)*